

Só fnuik beesboer swak mielieprys

Hierdie kommersiële beesboer verander sy speenkalf-produksie gou-gou in 'n osboerdery sodra die mielieprys té laag daal om wins te maak. Dan voeg hy ekstra waarde toe tot die mielies én sy speenkalwers om 'n potensiële verlies in 'n wen-wen-situasie te verander.

PLAASINLIGTING

LIGGING: Dealesville, Vrystaat

NAAM: Biesiepan

EIENAARSKAP: Privaat

VERTAKKINGS: Kommersiële Simmentalers, SA Vleismerino's, melkery met Holsteins, mielies, sonneblomme en tef vir saad- en hooiproduksie

GRONDTIPE: Vlak en diep Hutton en Bainsvlei

VELDTIPE: Gemengde, soet bossieveld en rooigras

GEMIDDELDE REËNVAL: 480 mm per jaar, maar die afgelope vyf jaar net 309 mm en in 2013 net 185 mm

KORTOM

- Dié speenkalfstelsel word vir 'n osstelsel verruil wanneer die mielieprys laag is.
- Sodoende word waarde tot die speenkalwers en mielies toegevoeg.
- Weiding bestaan grootliks uit natuurlike veld, aangeplante weiding onder besproeiing en droëland, asook kuilvoer.

Mooi verse. Dié soort diere word gebruik om ou koeie te vervang.

Om 'n kommersiële beesboer te wees, is nie 'n verskoning om afskeep-boerderymetodes toe te pas nie. Vir die beste resultate gaan mnr. Willie Haarhoff van die plaas Biesiepan in die Dealesville-omgewing wetenskaplik te werk met seleksie, paring en ander bestuursaspekte, nes 'n stoetteler, anders sal hy nie die mas in die hedendaagse, mededingende omgewing opkom nie.

Ná 44 jaar in die kommersiële beesbedryf weet die Haarhoffs in hierdie Vrystaatse gemengde boerdery wat belangrik is, watter slaggate vermy moet word en watter bestuursmetodes tot die beste sukses lei.

Willie het 32 jaar lank saam met sy pa, Fanie, geboer, totdat hy drie jaar gelede afgetree het. Hierna het Willie die leisels alleen begin vasgehou. Sy broer, Rampie, is ook nou op die plaas.

Fanie het omstreeks 1973 met kommersiële Simmentalers begin boer en speenkalwers geteel. Die stelsel duur vandag steeds voort omdat kommersiële beesboerdery vir hulle die beste resultate lewer.

Die hoofvertakking van die boerdery is 'n

melkery met Holsteins en saaiery, maar die Simmentalers word nou uitgebrei.

Buiten die kommersiële Simmentalers hou Willie ook SA Vleismerinoskape aan. Die Haarhoffs saai ook mielies vir graan en kuilvoer, het besproeide, aangeplante weidings vir groenvoer en gebruik teflande vir die oes van saad en die maak van hooi vir die winter.

NET DIE BESTE BULLE GEBRUIK

Bo-aan die lysie van dinge wat gedoen móét word, staan die gebruik van slegs die beste bulle; slegs stoetbulle. "Vir die seleksie van goeie bulle maak ons hoofsaaklik op die Simmentaler-genootskap se databasis staat om geregistreerde bulle te koop om ons kommersiële koeie te dek. Dit gaan daarvoor om die kudde deurgaans te verbeter," verduidelik Willie.

Hy koop ál die benodigde bulle op nasionale en ander Simmentalerveilings en gebruik nie sy eie bulle nie omdat hy nie stoetteling doen nie. "Ek koop die beste bulle op grond van beraamde teelwaardes vir bepaalde eienskappe en strukturele korrektheid."

'n Bul moet dus die regte bouvorm volgens rasstandaarde hê, maar ook bepaalde eienskappe in die kudde verbeter.

Só is die tussenkalfperiode (TKP) reeds baie verbeter, wat op 'n toename in vrugbaarheid dui en sekerlik die mees gewenste eienskap is waarna 'n boer moet streef.

Die kudde se TKP het vanaf 480 dae tot sowat 390 dae verbeter. Die droogte het die TKP ongelukkig weer verswak.

SPEENGEWIG 57 KG MÉÉR

Speengewig het ook baie toegeneem. 'n Lae geboortegewig is wenslik ter wille van maklike geboorte, maar 'n boer wil swaar speenkalwers verkoop. Aan die begin het die boerdery se speenkalwers 230 kg gewee wanneer hulle op 6,5 maande gespeen is. Danksy die gebruik van die beste bulle by vrugbare koeie was die laaste groep speen-



Een van die boerdery se stoetbulle. Willie gebruik nie sy eie bulle vir dekking nie, maar koop bulle wat bepaalde eienskappe in die koeikudde kan verbeter



kalwers se gemiddelde speengewig 287 kg, 'n allemintige 57 kg méér as aan die begin.

Die koeie kalf op die veld en speen die kalwers daar. In die somer kry hulle 'n sout-en-fosfaatlek (soms net klipsout) en in die winter 'n proteïenlek.

Wanneer die mielierys laag is, skakel Willie oor na 'n osboerdery en rond sy speenkalwers in sy plaasvoerkraal af. Sodoende voeg hy waarde toe tot die mielies en kalwers.

Noudat die mielierys so laag is weens 'n verwagte groot oes, gaan hy die kalwers vanjaar weer self afrond.

Die kalwers bly 90-110 dae lank in die voerkraal. Willie sê dit is baie winsgewend en hy maak van R900 tot R1 200 wins per kalf wat hy as 'n os verkoop. Elke kalf vreet 'n ton mieliemeel (wat hy self maal) en drie 50 kg-sakke voerkonsentraat in daardie tydperk. Ruvoer in die vorm van bale mieliereste word ad lib verskaf.

GEWIG VERDUBBEL

Die laaste jaar wat hy die kalwers self gevoer het, het hulle op 273 kg in die voerkraal geland. Ná 93 dae het hulle gemiddeld 283 kg uitgeslag. Hulle het hul gewig dus basies verdubbel.

“Ons boerdery het reeds 28 keer self ons speelkalwers gevoer,” sê Willie, 'n aanduiding dat die mielierys die afgelope vier dekades minstens by 28 geleenthede so laag was dat dit nie die moeite werd was om mielies te verkoop nie, en waardetoevoeging die enigste oplossing was om kop bo water te hou.

Mnr. Flaf Lauwrens, hoofbestuurder van die Simmentaler- en Simbra-telersgenootskap, sê Willie maak 'n weldeurdagte plan om die kalwers en mielies se waarde te verhoog. “Jy moet 'n plan hê en nie blindelings besluite neem nie,” sê hy.

Die boer moet beslis somme oor sy mielies maak en ook die speenkalfpryse in gedagte hou. Dan kan hy bepaal of dit die moeite werd is om sy kalwers teen die heersende mielierys te voer.

WILLIE SE SOMME

Willie maak sy syfers só, met sy laaste voerseisoen in 2014 as voorbeeld:

Vee/slagpryse

Speenkalf: 273 kg @ R20/kg	= R5 460
Slagos: 283 kg @ R28/kg	= R7 924
Verskil	= R2 464

Voerkoste

1 ton mielies/kalf	= R1 300
150 kg konsentraat/kalf	= R405
Maal- en voerkoste/kalf	= R45
Arbeid/kalf	= R8
Totaal	R1 758
Minus vrektes @ ±5%	= R88

WINS PER KALF = R1 670

VOORSPELLING VIR 2017

Willie het sy voorspelling vir vanjaar se voerseisoen betyds gemaak. Daarvolgens sal dit hom hierdie seisoen weens die lae mielierys wéér baat om sy speenkalwers eerder self te voer en as osse te verkoop.

Vee/slagpryse:

Speenkalf: 273 kg @ R30	= R8 190
Slagos: 283 kg @ R46	= R13 018
Verskil:	= R4 828

Voerkoste

1 ton mielies/kalf	= R1 800
150 kg konsentraat/kalf	= R599
Maal- en voerkoste/kalf	= R52
Arbeid/kalf	= R10
Totaal	R2 461
Minus mortaliteite @ ±5%	= R35,50

WINS PER KALF = R2 331,50

HOU BESTE VERSIES

Willie hou die beste versies uit om ou koeie te vervang. Dié wat nie die paal haal nie, word saam met die bulletjies as speenkalwers verkoop of gevoer totdat hulle slaggeë is.

Die slagbeeste word bemark waar hy die hoogste pryse kry. Speenkalwers word ook teen die hoogste prys aan voerkrale verkoop.

Hoekom boer hy kommersieel en nie ▶

LBW VRA ...

MNR. WILLIE HAARHOFF



REGS: Mnr. Fanie Haarhoff

WAT DIE BESTE BOERDERYBESLUIT WAT JY AL GENEEM HET?

Om elke dag op my knieë te begin en eindig en te vra vir insig en wysheid van ons Hemelse Vader. Alles is net genade.

DIE BESTE RAAD WAT JY NOG GEKRY HET?

Glo in jouself.

WAT IS DIE GROOTSTE FOUT WAT JY IN JOU BOERDERY GEMAAK HET?

Om te versigtig vir uitbreiding te wees.

WIE WAS JOU MENTOR?

My pa, Fanie, het my van kleins af geleer waarom boerdery gaan. Ek was soos 'n stertjie agter hom aan.

WAT IS JOU GROOTSTE PROBLEME IN DIE BOERDERY?

Droogtes, en om aan te pas by veranderings, soos pryse en bemarkingseise.

EN DIE GROOTSTE GELEENTHEDE?

Om te groei, nie net in kwantiteit nie, maar ook in kwaliteit.

WAAR HET JY GESTUDEER?

Ek het die graad B.Sc.Agric. aan die Universiteit van die Vrystaat behaal.

WATTER TEGNOLOGIE IS ONMISBAAR IN JOU BOERDERY?

Om te meet, is om te weet. Die belangrikste is 'n skaal, rekenaar en getroue aantekeninge. Ek gebruik my eie rekordhoudingstelsel.



Só lyk die ideale koei in Willie se kommersiële kudde. Sy het pas gekalf. Die kudde se gemiddelde TKP is 390 dae.



Mnr. Flaf Lauwrens beduie by 'n paar Simmentalers in die veld. Hy sê 'n boer moet weet wanneer om sy speenkalwers te verkoop en wanneer dit beter is om hulle self af te rond.

met stoetbeeste nie?

Willie sê omdat hy 'n gemengde boerdery bedryf, moet hy sy tyd sinvol tussen al die vertakkings verdeel.

“'n Stoetery verg heelwat meer tyd as 'n kommersiële boerdery. Ek het nie soveel tyd nie. Ek teel wel op 'n wetenskaplike grondslag en doen alles so akkuraat moontlik, maar kommersiële boerdery het minder rekordhouding,” verduidelik hy.

Flaf voeg by: “Stoetteling verg baie akkurate aantekeninge en baie boere het nie soveel tyd nie.”

Die belangrikste rekords is gewig met geboorte en speen en op 200, 400 en 600 dae. Die kommersiële boer vereis 'n swaar speenkalv en die telers kan die gewig slegs met die nodige rekordhouding aanpas. Die teler is afhanklik van die kommersiële boer, aangesien dié boer die stoetteler se produk koop.

GOEIE GEAARDHEID

Willie verkies die Simmentaler omdat dit vir hom 'n bees met 'n goeie geaardheid is en dus maklik hanteer. Die ras is ook bekend vir sy hoë vrugbaarheid en baie melk wat waardevol is om swaar speenkalwers te speen. Koeie word tot 14 jaar oud.

In die afgelope droogtejare het die hele kudde lang tydperke net 'n goeie lek en gekerfde garingboonblare gekry omdat veldweiding en ruvoer onverkrygbaar was. “Tog het ons nog kalwers gespeen,” sê Willie.

“Baie jare gelede, nog voordat draad en pale gebruik is, is garingbome vir plaasgrense en krale aangeplant. Die garingbome het behoue gebly en vermeerder. Gedurende een droogte het ek die blare vir vier maande lank ad lib gevoer totdat weiding weer beskikbaar was. Dit is moeilik om die opbrengs per plant te bepaal. Dit is moeilik berekenbaar en sover my kennis strek, is dit nog nooit gedoen nie omdat garingblaaie nie 'n erkende voergewas is nie.

“Elke garingboom vorm elke jaar nuwe blaaie, maar ek kan nie sê hoe lank dit duur om volwassenheid te bereik nie.”



'n Koei laat haar opgeskote kalf suip. Sulke kalwers gaan vanjaar afgerond en as osse verkoop word omdat die mielieprys dit nie winsgewend maak om die graan te verkoop nie.

WAARDE VAN TEELWAARDES

Willie sê prestasietoetsing en teelwaardes maak sy boerdery makliker.

Hy gebruik teelwaardes om bulle te selekteer. Die syfers vir maklike geboorte, vrugbaarheid, melk en groei moet bo die rasgemiddelde wees sodat dit daardie eienskappe in 'n kudde kan verbeter. Vir geboortegewig moet dit egter laer as die rasgemiddelde wees, sodat die koeie en veral verse maklik kan kalf (klein kalwers) en die boer nie bystand hoef te verleen nie. “Ek kies dus bulle wat goeie syfers vir al hierdie eienskappe het.

“Selfs 'n kommersiële teler kan dit nie bekostig om onwetenskaplik te boer nie. Hy moet die regte seleksie toepas. Doen alles die eerste keer reg en moenie laat slaplê nie. Dit geld alle soorte boerdery; vanaf saai boerdery tot veeboerdery,” verduidelik hy.

MAAK KUILVOER

Willie boer nie met sy Holsteins op 'n volvoerbasis nie omdat dit baie hoë koste behels. Hy gebruik dus kuilvoer en aangeplante weiding. Die kuilvoer en groenvoer word met suiwelvoerkorrels gebalanseer, wat volgens melkproduksie aan elke koei in die stal gevoer word. Na gelang van die groenvoer se gehalte word lusernhooi ook aangekoop.

Hy maak baie kuilvoer van mielies vir die melkery, wat as relatief goedkoop voer beskou word. Die afgelope somer het hy 500 ha mielies geplant waarvan 250 ha vir kuilvoer is. Die res van die mielies word gestroop. Hy hou 200 ton graan uit om met die veelekke te meng, en die res word verkoop.

Hy sê hy het altyd kuilvoer gekoop, maar maak dit die afgelope twee jaar self omdat hy dan beheer oor die gehalte het. Dit was tot sover alles vir die melkery, maar hy gaan vanjaar ook kuilvoer aan die osse voer.

Hy maak sowat 4 000 ton kuilvoer per jaar, wat genoeg voorraad vir twee jaar is. Omdat hy nou ook die osse op kuilvoer gaan laat uitgroei, gaan hy vorentoe méér kuilvoer maak. Van sy droëlandmielies maak Willie 20-25 ton kuilvoer per hektaar.

BESPROEIDE WEIDING

Hy het 28 ha aangeplante weiding onder 'n spilpunt wat uit boorgate besproei word. Dit is 'n mengsel van raaigras en klawer vir die winter en voersorghum vir die somer.

“Omdat meerjarige gewasse nie die nodige hoë opbrengste en gehalte gelewer het nie, het ek na eenjarige gewasse oorgeskakel. Die winterweiding word begin April gesaai en vier tot vyf weke later beweï. Die weidings onder die spilpunt word in koeksnye verdeel om beweïding te beheer en te verseker dat die weiding vinnig herstel. Die raaigras-klawerweiding word van Mei tot November beweï,” verduidelik Willie.

Hy pas drukkeweïding toe met die beeste deur die gedeelte wat hulle beweï, met elektriese skokdrade af te kamp sodat hulle al die gras benut. Sodra 'n deel afgewei is, word die skokdrade verskuif.

Gedurende die groeistadium tussen die somer- en winterweïding wanneer dit nog nie weïding vir die beeste kan verskaf nie, voer Willie 'n gebalanseerde voermengsel van lusern en kuilvoer. Die beeste kry heeljaar kuilvoer omdat die aangeplante weiding nie genoeg is nie. Die melkgroep kry 12-15 kg kuilvoer per dag en die ander voer word

na gelang van gehalte gevoer. Wanneer die koeie op groenvoer loop, kry hulle dieselfde kuilvoer en word die lusern na gelang van gehalte en hoeveelheid groenvoer bygevoeg om die rantsoen te balanseer.

MELKKUDDE UITGEBREI

Willie sê toe hy die melkery in 1984 begin het, het hy besluit om die gehalte van die beeste te verbeter sodat hulle altyd meer funksioneel word.

“Sodoende kan die melkery steeds winsgewend bly. Daarom is dit belangrik om nie net in kwantiteit uit te brei nie, maar eerder in kwaliteit. Só kom ’n mens uit by meer liters melk vir elke kilogram voer gekweek.”

Deur van die saaiery se opbrengs deur vee te bemark, gee dit Willie die geleentheid om waarde tot die graan toe te voeg of goedkoop voer vir die diere te kweek.

Die melkkudde bestaan uit sowat 500 vroulike diere, waarvan 220 koeie altyd in die melk is. Willie is besig om die melkery uit te brei, en sy mikpunt is 400 koeie in produksie. Sover het hy die beeste in ’n ou stal met ’n sespunt-tandemstelsel gemelk, wat hom nege uur per dag besig hou. Hy bou nou ’n nuwe melkstal met ’n 20 punt-oorswaai- Alfa

Die boerdery het reeds 28 keer sy speenkalwers self gevoer; met ander woorde die mielieprys was die afgelope vier dekades al by 28 geleenthede so laag dat waardetoevoeging die enigste oplossing was om kop bo water te hou.

Laval-melkstelsel. “Dit sal dan net twee uur per dag kos om 220 koeie te melk.”

Die koeie word twee keer per dag gemelk. Die stalgemiddelde was verlede jaar altesame 9 933 kg melk per koeie met 3,14% proteïen en 3,79% bottervet. Die beste koeie het gemiddeld 70,4 liter per dag gelewer. “Een van my mikpunte is om die vastestowwe, proteïen en bottervet te verhoog, wat in beter reënvaljare haalbaar kan wees.”

Willie het ook 200 SA Vleismerino’s vir slaglamproduksie. Hulle wei op natuurlike veld en die slaglammers word op aangeplan-

te droëlandweiding (korog en voersorghum) afgerond.

Hulle het eers 1 200 ooie aangehou, maar het die kudde weens grootskaalse diefstal drasties verklein.

Willie, wat elf werkers in diens het, gebruik ook stukwerkers in spitstye in sy boerdery.

Hy lewer melk aan Hancor in Kimberley, met wie hy ’n goeie sakeverhouding het.

“’n Goeie verhouding met jou melkkoper is baie belangrik omdat hy direk bydra tot die sukses van die totale besigheid.”

TEF VIR HOEI EN SAAD

Die boerdery plant ook 120 ha tef wat vir hooi en saad benut word. Die saad word drie maande ná planttyd geoes en ingevolge ’n kontrak verkoop.

Nadat die saad geoes is, word die reste gebaal en as hooikomponent in die melkkoeie en jong verse se rantsoene gebruik. Die hooi wat nie gebruik word nie, word in ’n voerbank vir droogtes gehou. Nadat die hooi gebaal is, word lande deur die Simmentalers bewei. **LBW**

➤ NAVRAE: Mnr. Willie Haarhoff,
e-pos: williehaarhoff@gmail.com

BELEGGERS WORD UITGENOOI

- Wil u tot en met 2% per maand/24% per jaar op u belegging verdien?
- Wil u graag by effektebeursbeleggings betrokke raak?
- Is sekuriteit vir u belegging vir u belangrik?

Die volgende word aangebied as sekuriteit :

- Vaste eiendom
- Voorkeuraandele in ’n publieke maatskappy
- Maatskappyandele

Vir meer inligting, skakel:

**TAI ROSS
GROEP VAN MAATSKAPPYE**

021 854 3351 OF 072 199 9478